

REFORMASIE 500 (Artikel 7): Omdat jy glo, sal jy lewe!

“Ek het met uie aangekom en met knoffel weggegaan.”

Hierdie woorde van Martin Luther vertel iets van sy ontugtering na sy besoek aan Rome. Wat veronderstel was om 'n hoogtepunt op sy geestelike reis te wees, het in 'n nagmerrie ontaard. Hy was in sy eie woorde: “soos Jesaja 'n sondaar tussen sondaars.”

Teen die tyd dat hy sy doktorsgraad op 18 Oktober 1512 van dr Andreas von Karlstadt ontvang het, het Luther al die moontlikhede wat die kerk gebied het om vrede te vind, uitgeput.

Hoe meer hy daarna gestreef het om die beeld van 'n kwaai God af te skud, hoe minder het hy dit reggekry. Hy kon op geen manier van sy eie skuld ontslae raak wanneer hy oor die regverdige God nagedink het nie. Luther kon die God wat hy as kind leer ken het, vrees of selfs haat, maar liefhê nooit.

Die jong monnik sou egter in sy soeke na die regverdige God nie rus voordat hy Hom gevind het of homself oortuig het “dat so 'n God nie bestaan nie”.

In die herfs van 1515 tref ons Luther by die Universiteit van Wittenberg aan waar hy klas gee oor Paulus se brief aan die Romeine. Hoe meer Luther met die teks van Romeine geworstel het, hoe meer het hy hom blindgestaar teen 'n kwaai God.

Die deurbraak kom wanneer Luther, ná dae en nagte se worsteling oor Romeine 1:17 ontdek dat die “regverdigheid van God in die evangelie geopenbaar word” en dat “die regverdige deur geloof sal leef”.

Skielik het hy verstaan dat God mense uit genade vryspreek omdat hulle glo. Oor hierdie ontdekking skryf Luther: “Skielik het ek gevoel of ek weer gebore word en het ek geglo dat ek die paradys deur wyd geopende deure binnegegaan het.”

Hierdie bewuswording het Luther onder meer laat sê: “'n Christen is vry van alle dinge: hy het geen goeie dae nodig om geregtig en gered te word nie, maar hy ontvang alles in oorfloed deur geloof alleen.”

Wat die kerk as instituut deur sy sakramente nie vir Luther kon doen nie, het die Woord gedoen. Christus het vir sondaars gesterf en wie in Hom glo is uit genade vrygespreek en gered. Uiteindelik het Luther 'n regverdige God gevind!

Hierdie “ontdekking” sou die gang van die geskiedenis van die kerk verander.

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
Sáám gee ons om!

Oktober 2017

Augustus was Barmhartigheidsmaand:

Ek gee, omdat ek vry is om te dien

Vrygemaak ... daarom gee ons om” – 'n uittreksel uit 'n artikel deur Lisel Joubert


Liefhê, omgee, barmhartigheid bewys, versorg en skulding bied is vir ons onlosmaaklik deel van Christen-wees. In ons viering van die Reformasie in 2017 word ons opnuut herinner in watter teologiese oortuigings hierdie lewensdeugde ingebed is en uit watter plek ons leef tot diens van God en ons naaste – die plek van vryheid.

Die Goeie Nuus

Die Reformasie was nie 'n tydperk in die geskiedenis waartydens gelowiges iets nuuts uitgedink het nie. Dit was 'n tyd toe, binne 'n spesifieke konteks, weer nuut geluister is na die Goeie Nuus van die Evangelie. Een van die kernwaarhede wat die Hervormers weer in die Skrif ontdek het, is dat ons vry is in Christus. **Ons vryheid word dan die plek van waaruit ons God en ons naaste dien.**

Hoekom sorg ek vir ander?

Die Rooms-Katolieke Kerk het, in die tyd van Martin Luther en ander Hervormers, moeite gedoen met die armes. Die gee van aalmoese was diep ingebed in die kerklike instituut en die samelewing. Ons moet onthou dat die feodale tipe samelewing (ryk landhere en arm bywoners) van die ses-tiende-eeuse Europa, sowel as gebeure soos natuurrampe, plaë en oorloë 'n groot



Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

gros mense op die rand van die samelewing geplaas het. **Hulle was afhanklik van hierdie aalmoese.**

Maar, agter die gee van hierdie aalmoese het 'n spesifieke beweegrede gesit, wat deel geword het van die godsdienstige atmosfeer van die dag. **Die gee van aalmoese was ingeweef in 'n teologiese raamwerk wat verkondig het dat dit meewerk tot jou saligheid.** Dat jy daarvoor beloon sal word. Jy investeer as't ware in die hiernamaals. Bedelaars is gehelp, want dié hulp het die gewer weer gehelp om binne die groter godsdienstige wêreldbeeld punte vir saligheid te verdien.

Dit is juis op die gebied van beweegredes dat die Hervormers 'n ander perspektief in die Skrif ontdek het: **Ek help nie sodat ek beloon word nie. Ek gee omdat ek vry is om te kan dien** en ook omdat ek die beeld van God in die ander kan raaksien. Dit het die eintlike motivering geword.

Is dit nie so dat, as ons met onself doenig is, ons diegene om ons miskyk nie? Ons kan op verskillende maniere met onself opgeskeep wees: Ontevrede wees met omstandighede, ons met ander vergelyk of ten diepste dink ons is nie goed genoeg nie. Ons kan dink dat God en ons naaste dink ons skiet tekort.

Eintlik kan ons net omgee as ons kan wegkyk van onself en op God en ander fokus. Calvin skryf: "Ons moet sulke kinders wees wat vas vertrou dat ons allergenadigste Vader al ons diens sal goedkeur, hoe gering, hoe grof en onvolmaak dit ook al is." (Institusie 3.19.5)

Omgee word dan een van die gesigte van hierdie heilige vryheid. Daar is baie woorde wat met "omgee" vervang kan word: Ons het lief, ons het deernis, ons is barmhartig, ons troos, ons bedien, ons help. Dit behels egter ook daadwerklike optrede en die tref van reëlins om dit in die praktyk te laat gebeur.


Generosity
changes everything

Liewe Lidmaat, Dink bietjie na oor die volgende 2 vrae: 1) "Waarom betoon jy barmhartigheid aan ander?" en 2) "Waar in jou gemeenskap kan jy begin omgee, of nog meer as wat jy tans doen, omgee, bedien, troos, gee? **Gaan doen dit! Jy is vrygemaak en daarom kan jy dien.**

Groete, Ds LeonTaiT



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

 **KITAAR:** leer speel en sing heerlijk saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe. **Kom maak jou musiek-droom waar!** Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

*Ek weet dat my Losser leef,
Uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!.*

Job19.25

Hierdie is 'n heerlike belydenis, want dit spreek van onwrikbare sekerheid oor God. Dit vertel van 'n gemoed wat in vrede met homself is en van 'n gees wat uitstyg bo alle omstandighede.

Om hierdie woorde in geloof uit te spreek is om die lewe met volkome vertroue aan te pak. Geen mens kan sy Verlosser ken en vertrou en nog vreesbevange deur die lewe gaan nie. Wanneer 'n mens die volheid van lewe in Jesus leer ken het, word dit 'n ryke belofte en ook 'n heerlike vervulling. Sy krag stel jou in staat om oorwinnend te lewe.

Hierdie geloof wat uit ondervinding gebore is, lei tot 'n intieme verhouding tussen jou en God. Jy praat nie meer van hoerse nie, maar van eerstehandese en deurleefde ondervinding.

Christus, deur u groot genade sal my persoonlike verhouding met U die toets van die ewigheid deurstaan. Amen.



Ozroveh S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 3 Junie

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **9 Oktober:** Skole Open
- ♦ **13 Oktober:** Jeug Lente Deurnag om 15:00
- ♦ **15 Oktober:** Aanddiens Nagmaal

Sien jou daar!




AKSIE PLUS - WAAR ALMAL WELKOM IS!

29 Oktober 2017 AFSLUITING

Uitstappie na die Botaniese Tuine

Kontak persone: Chrissie 082 897 0662 of
Sarie 073 235 5200



**FAITH does not make thing easy
It makes them possible.**

Luke 1:37

ELEKTRIESE KONTRAKTEUR



POWER SOLUTIONS

GRATIS KWOTASIES

KONTAK DV

082 886 8551

www.electricianatpretoria.co.za



POWER SOLUTIONS

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



LENTE DEURNAG



15:00 @NG
RIETFontein-SUID

BRING SAAM:

- ◇ Wit hemp wat vol verf mag word
- ◇ Een pak koekies/beskuit
- ◇ Snacks vir jouself
- ◇ Tent & Beddegoed
- ◇ 'n Vriend/in

Die Visserman-projek

In die begin het God mense die opdrag gegee om die aarde te bewerk. Ongelukkig het die sondeval die mens se vermoë om te kan werk deurmekaar gegooi. Sommige mense het om verskillende redes nie die selfvertroue om hulle talente te gebruik om God te verheerlik nie. Met hierdie blog wil ek graag verklaar dat elke mense talente van God af ontvang het waarmee hulle die aarde kan bewerk tot eer van Sy Naam.

Ek werk reeds die afgelope 9 jaar saam met my man as evangelis in die Pretoria-Wes omgewing, hoofsaaklik saam met LIG Kinderbediening.

Ek het onlangs begin om van hierdie staaltjies te skryf en op 'n blog te plaas by <http://vissermanprojek.blogspot.co.za/> - juis omdat ek graag die breër publiek 'n kykie wil gee in die mooi van Pretoria-Wes.

My nuutste storie (wat gevind kan word by <http://vissermanprojek.blogspot.co.za/2017/08/tussen-die-skadus-van-die-maanlig.html>) is 'n oulike storie oor tiener-wees.

Gaan besoek gerus die blog vir oulike stories oor ons mense.

Vriendelike groete

Lana Hitge

BELASTING KONSULTANT



Het u rekenkundige of belasting probleme?

Verskaf ook ekstra rekeningkunde klasse
(Dosent vir 36 jaar)

Kontak vir Willie Spies by 012 331 2122
of 076 565 9413